HUIS HESSIE

PROSPEKTUS 2023

INHOUDSOPGAWE

KOSHUISGESKIEDENIS 3

DOELSTELLING 3

BESTUUR 4

1. KOSHUISMOEDER 4
2. DIENSPERSONEEL 4
3. KOSHUISPREFEKTE 5

TOELATING TOT DIE KOSHUIS 6

KOSHUISREËLS 6

1. GEDRAGSKODE 6
2. INSPEKSIES 8
3. STILTE 9
4. ETES 9
5. STUDIE 10
6. SIEKTE / BESERINGS 11
7. WASGOED 11
8. TOEGANG TOT DIE KOSHUIS 11
9. BESOEKE EN VERLAAT VAN TERREIN 12
10. ALGEMEEN 12

EIENDOM 14

1. KOSHUISEIENDOM 14
2. PERSOONLIKE EIENDOM 14

TYDROOSTER 15

BENODIGHEDE 15

KOSHUISGESKIEDENIS

Frikkie en Hessie Strauss, twee van die stigterslede van Privaatskool Elnatan, het in 1991 meublement vir die koshuise in Suid-Afrika gaan aankoop. Met hul terugkoms het hul verongeluk. Dit was 'n slag vir die gemeenskap aangesien hulle 'n integrale deel gevorm het van die droom om Privaatskool Elnatan as 'n vooraanstaande skool in Stampriet te vestig. Huis Hessie is dan na Hessie Strauss vernoem ter herinnering aan hul bydrae tot hierdie droom.

Vandag huisves Huis Hessie die jaargroepe graad 7 tot 12 in 'n moderne koshuis met verkoeling, Wi-Fi en vele meer.

DOELSTELLING

Huis Hessie streef daarna:

- om 'n veilige tuiste vir dogters te skep waar selfdissipline gekweek en selfstandigheid bevorder word.
- om empatie by leerders te ontwikkel sodat hul mekaar se belange op die hart sal dra in 'n gees van samewerking, ondersteuning en wedersydse respek.

Die koshuise is die hartklop van die skool en is ryk aan tradisie en Christelike waardes. Ons waardesisteem skep 'n standvastige fondasie van respek, integriteit en selfdissipline.

BESTUUR

1. KOSHUISMOEDER

Die koshuismoeder tree op as die uitvoerende bestuur van die koshuis en inwonende dogters. Alle navrae kan aan die koshuismoeder gerig word. Die koshuismoeder se pligte is in die **Superintendent Pligstaat** vervat.

Mej. Nicole Francis
081 790 2710

2. DIENSPERSONEEL

Huis Hessie volg 'n rotasie-model vir diensbeurte. Dit behels dat 'n personeellid een maal 'n week en elke vierde naweek aan diens is. Diensdoenende personeel se pligte is in die **Toesighouers Koshuise Pligstaat** vervat.

Mev. Melani Adriaanse
081 330 9001

Mev. Mariana Botma
081 318 0265

Mev. Elsabé Booysen
081 318 0265

3. KOSHUISPREFEKTE

Koshuisprefekte word demokraties verkies en is bemagtig om leiding ten opsigte van die uitlewing van die gedragskode, te neem. Prefekte vergader op ’n gereelde basis om relevante sake met betrekking tot die bestendige verloop van die koshuis te bespreek. Hierdie behels ondermeer sake in die algemeen en dissipline in die koshuis.

Jomari Campbell	**Liske Smith**	**Danelle Kotzé**	**Sanmarie Truter**
Hoofdogter	**Prefek**	**Prefek**	**Prefek**

PLIGTE

- ALLE koshuissake – soos diefstal, koue water, breekskade, dissipline, bakleiery, rook, drank, dwelms en *uitglip* – moet eerstens aan die diensdoenende personeellid gerapporteer word, alvorens dit met enige ander persoon of op ’n vergadering bespreek word.
- Lui klokke op vasgestelde tye.
- Sien toe dat leerlinge presies weet wie op gang-, badkamer- en kamerdiens is.
- Prefekte wat die week/dag diens doen, moet alreeds Sondagaand in die koshuis wees.
- Geen straf mag aan enige leerling uitgedeel word indien die toesighouer aan diens nie eerste ingelig is en kennis daarvan dra nie.
- Sien toe dat alle kamers ’n besem en asdrom het.
- Hou inspeksies soggens voor skool.
- Doen alle inspeksie saam met die toesighouer aan diens.
- Sien toe dat stiltetye eerbiedig word.
- Moedig mooi tafelmaniere in eetsaal aan.
- Sien toe dat leerlinge alreeds voor ontbyt reg aangetrek is.
- Sien toe dat dogters slegs op die gras voor die hoërskool kuier en dat hulle, hulle gedra soos dit betaam en niemand aanstoot gee nie.

VOORREGTE VAN MATRIEKS

'n Matriekleerling mag:

- in hul kamers studeer, mits hulle akademiese uitslae dit toelaat. Dit sal deur die adjunkhoof bestuur word.
- hul eie lessenaar bring.
- een klein yskas per kamer gebruik. Geen ketels, broodroosters, mikrogolwe, braaipanne of ander elektriese toestelle, word toegelaat nie.
- die graad 8's vir hul seniors laat koffie maak voor ligte uit.
- laat studeer. Teen 22:30 moet alle ligte af wees.

TOELATING TOT DIE KOSHUIS

Aansoek om toelating tot die koshuis moet op die voorgeskrewe inskrywingsvorm aangeteken word.

'n Leerder kan toelating tot die koshuis geweier word indien:

- haar gedrag van so 'n aard is dat dit indruis teen 'n behoorlike peil van sedelikheid en/of die sosiale welsyn van die skool of koshuis in gevaar stel.
- sy herhaaldelik reëls oortree.
- sy, na die mening van die hoof en beheerliggaam, een enkele daad of reeks dade van laakbare aard begaan.
- sy op enige manier betrokke is by die gebruik en/of smokkel van verbode middels op die skool- en/of koshuisterrein.

KOSHUISREËLS

Koshuisreëls is noodsaaklik vir die handhawing van goeie dissipline en orde. Die dogters se gedrag moet ten alle tye onbesproke wees. By Elnatan betoon ons respek teenoor personeel, seniors, mede-klasmaats en -leerders.

Aangesien die effektiewe werking van 'n koshuis op dissipline, samewerking en spangees berus, is dit vanselfsprekend dat reëls streng toegepas word. Ouers word vriendelik versoek om hul volle ondersteuning in dié verband te gee.

1. GEDRAGSKODE

Ek besef dat dit 'n voorreg is om my skoolloopbaan by Privaatskool Elnatan voort te sit. Daarom belowe ek om:

- my beste vir die skool te lewer;
- hoë prioriteit aan my skoolwerk te gee; en

- die skoolreëls ten alle tye te gehoorsaam.

Ek beroep my op die respek en verdraagsaamheid van my onderwysers. Daarom beloof ek om my beste vir onderwysers te gee deur:

- stiptelik vir my klasse en buitemuurse aktiwiteite te wees.
- opdragte i.v.m. die akademie getrou en tot die beste van my vermoë uit te voer.
- ten alle tye respek aan meerderes en onderwysers te betoon.
- die gesag bo my aangestel, te respekteer.

Privaatskool Elnatan het 'n waardige naam en geskiedenis. Daarom onderneem ek:

- om ongeag waar ek is, so op te tree dat die skool se goeie naam nie skade ly nie.
- om die beeld van die skool uit te dra en te bevorder.
- om eiendom van die skool en ander instansies te respekteer en op te pas.
- om 'n voorbeeld te stel met my optrede en taalgebruik binne en buite die skoolgronde.
- om skoolaktiwiteite ten volle geklee in my skooldrag by te woon soos in die skoolreëls voorgeskryf.
- om aanvaarbare kleredrag en voorkoms op die skoolgronde, -uitstappies en -toere te handhaaf.

Ek is 'n individu in eie reg. Daarom sal ek:

- my weerhou van enige negatiewe gedrag, skinder en kwaadpraat van onderwysers, ouers en mede-skoliere.
- my maats ondersteun en saam bou aan die Elnatan-beeld.
- bedagsaamheid teenoor my minderes toon.
- streef om eerlikheid, vriendelikheid en stiptelikheid uit te leef.
- beginsels waarop die skool gevestig is, ten alle tye uit leef en 'n voorbeeld vir mede-skoliere wees.

Ek besef dat dissipline nie daar is om my te beperk nie, maar wel 'n veilige ruimte skep waarin ek as individu in totaliteit kan ontwikkel. Daarom onderneem ek om:

- die skoolreëls te bestudeer, te respekteer en tot die beste van my vermoë na te kom.
- my te onderwerp aan die dissiplinêre kode wanneer nodig.
- in alle opsigte 'n onberispelike voorbeeld te stel.

Privaatskool Elnatan gee 'n ereplek aan God en Sy Woord. As 'n leerling van hierdie skool bely ek 'n Christelike lewe en strewe soos in die Woord weerspieël. Ek glo om die Here te dien, is wysheid. Ek onderneem om niks te doen wat hierdie grondslag sal weerspreek of skade berokken deur my optrede binne en buite die skool nie.

2. INSPEKSIES

- Met oggend- en aandinspeksie moet koshuisgangers reeds klaar aangetrek langs hul bed staan en die kamer netjies wees. Alle musiek is afgeskakel.
- Persone op gangdiens moet sorg dat die gange met oggend- sowel as aandinspeksie gevee is.
- Badkamers moet tydens inspeksie gekontroleer word.
- Leerlinge is self verantwoordelik vir die vee van hul kamers, gange en badkamers.
- Witlapinspeksies word deur die koshuismoeder gedoen en tydens hierdie inspeksies moet die kamervloere gewas wees.
- Terwyl inwoners sport in die middag bywoon, moet kamers netjies gelaat word.
- Sporttoerusting moet netjies in kaste of in stoorspasie soos verskaf, gestoor word.
- Gereelde kamerinspeksies sal deur diensdoenende personeel en prefekte uitgevoer word.
- Badkamers en toilette moet skoon gehou word en enige foutiewe funksionering moet dadelik aan die prefekte gerapporteer word. Droog *behoorlik* af voor jy die stort-area verlaat.

3. STILTE

- Daar is elke dag 2 stiltesessies vir Bybelstudie, 'n oggend- en aandsessie.
- Dit is belangrik dat die dogters hierdie stiltetyd respekteer en mede-leerders geleentheid gee om Godsdiens te beoefen.

4. ETES

Die dogters ontvang 3 gebalanseerde etes per dag. Afgesien van die etes, is die snoepie tydens pouse en namiddae oop. Dogters kan ook hul eie peuselgoed saambring.

- Etenstye: Normaal: Oggend: 06:15 Middag: 13:00 Aandete: 17:45
  Eksamentye: Oggend: 07:15 Middag: 12:00 Aandete: 17:45
- Geen leerder eet op die verhoog nie. Die gedekte tafel is slegs vir die matrieks.
- Een toesighouer moet tydens oggend- en middagete teenwoordig wees en beide toesighouers moet tydens aandete teenwoordig wees.
- Graad 8 maak beurte met opskep volgens die rooster en moet ook toesien dat die eetsaal opgeruim en netjies agtergelaat word.
- As die etensklok lui, tree almal voor die eetsaal in rye aan. Daarna sal die toesighouer die leerlinge ordelik laat instap.
- Geen koffie/tee/koeldrank/water mag in bottels gegooi word om later te drink nie.
- Geen eetgerei of kos, behalwe vrugte, mag uit die eetsaal verwyder word nie.
- Siek kinders se etes moet deur die toesighouer met die matrone gereël word.
- Geen leerlinge mag voor, tydens of na ete in die kombuis kom, of deur die kombuis loop nie. Slegs kinders op spesiale diëte mag in kombuis kom tydens etes.
- Leerlinge dek alle skottelgoed self af. Tafelhoofde sien toe dat dit ordelik geskied.
- Alle leerlinge moet ten alle tye netjies geklee wees. Niemand mag sonder skoene in die eetsaal wees nie.
- 'n Tafelgebed word voor elke ete gedoen.
- Die tafelmaniere van leerlinge moet ten alle tye onberispelik wees.
- Daar mag geen kos gegooi, gemors of mee gespeel word nie.
- Geen leerlinge mag by ander kos bedel of afvat nie.
- Toesighouers en prefekte verlaat die eetsaal laaste sodat hul kan toesien dat die eetsale netjies agtergelaat word.
- By die hoërskool skep die seuns en dogters apart, in die hiërargie van graad 12 – 8.

5. STUDIE

- Studietye is soos volg: Middag: 14:00 – 15:00
  Aand: 18:45 – 20:45 Pouse: 19:40 – 19:50
- Die eerste 5 minute verlaat die seuns die lokaal en die tweede 5 minute die dogters.
- Geen selfone word in die studiesaal toegelaat nie.
- Indien ’n leerling laat is vir studie, moet dit op Schoolwrite aangeteken word.
- Studiesale moet netjies agtergelaat word. Vyf minute voor studie eindig, moet die studiesaal netjies opgeruim word.
- Knip en plakwerk word net gedurende middagstudie in die somer en die eerste uur van aandstudie in die winter toegelaat.
- Geen leerling sal die studiesaal verlaat sonder ’n skriftelike brief van die onderwyser nie.
- Geen leerling sal toegelaat word om tydens studie toilet toe te gaan nie, tensy dit ’n noodgeval is. Leerlinge sal ook nie toegelaat word om te gaan water drink nie. Sorg dat jy sneesdoekies saamneem.
- Net die lees van voorgeskrewe boeke is toelaatbaar.
- Geen leerder staan tydens studie op en vra of sy vir iemand anders iets kan gaan vra/verduidelik/gee nie. Dit kan tydens pouses gedoen word. Geen groepwerk sal tydens studie toegelaat word nie.
- Geen skuif van sitplekke nie. Slegs ’n onderwyser kan leerders skuif. ’n Vloerplan van die studiesaal indeling sal in die studiesaal sigbaar wees.
- Indien ’n Graad 10 – 12 leerling nie die voorreg om in die koshuis te studeer met verantwoordelikheid hanteer nie, gaan sy verder in die studiesaal studeer. Dieselfde geld vir swak uitslae in toetse en eksamens. Die adjunkhoof sal hierdie uitslae kontroleer en bestuur.
- Geen eet of drink word tydens studie toegelaat nie – slegs botteltjies water.
- Leerlinge wat siek voel moet na die matrone gestuur word. Slegs leerlinge wat deur die matrone afgeboek is mag die studiesaal verlaat.
- Skootrekenaars mag slegs vir akademiese doeleindes gedurende studie aangewend word met die toestemming van die onderwyser aan diens. Leerling moet haarself van die skool se rekenaarbeleid vergewis.
- Graad 8 & 9 leerlinge mag hulle rekenaars slegs gedurende die middagstudie en die 1ste uur van aandstudie gebruik. Daarna moet die rekenaars afgesit en gebêre word.

6. SIEKTE / BESERINGS

- Indien inwoners soggens siek voel, moet hulle dit tussen die opstaanklok en ontbyt aan die matrone gaan rapporteer. Siekte op ander tye van die dag moet ten alle tye eers aan die koshuismoeder en daarna aan die matrone gerapporteer word. Niemand mag sommer net soggens bly lê nie.
- Wanneer ’n leerder siek rapporteer, sal ’n afspraak by ’n dokter gereël word, indien nodig.
- Leerders wat by die skool ongesteld raak, moet eers by die adjunkhoof toestemming kry om koshuis toe te gaan en daarna by die matrone.
- Siek kosgangers sal deur die matrone in die koshuis geplaas word, en etes sal daar aan hulle verskaf word.
- Die koshuis beskik slegs oor die mees algemene tipes medikasie. Ander middels wat voorgeskryf of benodig word, asook ander hulpmiddels soos krukke, moet deur ouers voorsien word.
- Indien inwoners ’n besering opdoen, moet die koshuismoeder of matrone dadelik in kennis gestel word.

LW: Inwoners wat siek rapporteer, moet tot die volgende oggend in die bed bly. Elke probleem sal egter op meriete hanteer word. Verlof om op te staan, moet by die koshuismoeder verkry word.

7. WASGOED

Leerders wat nie tydens ’n naweek huis toe gaan nie, kan haar wasgoed by die kombuis ingee om gewas te word. Hierdie reëling is slegs vir leerlinge wat inbly in die koshuis of wat nie huis toe kan gaan nie a.g.v. sportverpligtinge.

Leerders moet seker maak hul klere is duidelik gemerk.

8. TOEGANG TOT DIE KOSHUIS

- Geen leerders word gedurende die skooldag in die koshuis toegelaat nie, behalwe met skriftelike toestemming van die koshuismoeder.
- Die koshuishekke word gedurende sekere periodes gesluit, sodat die kosgangers en hul besittings teen gevare van buite beskerm word.
- Leerders mag onder geen omstandighede van enige ander uitgang of venster as die hoofdeur gebruik maak nie.
- Die koshuis sal gedurende sportbyeenkomste gesluit wees en kosgangers sal eers na die dag se verrigtinge die koshuis kan binnegaan.
- Koshuise sal Sondae om 15:00 open na uitnaweke en naweke wat geen leerders inbly nie.

9. BESOEKE EN VERLAAT VAN TERREIN

- Ouers mag te enige tyd hul dogters besoek. Hierdie reëling geld slegs vir ouers. Dit sal egter op prys gestel word indien ouers nie tydens studietye of maaltye besoek sal aflê nie.
- Geen inwoner mag die koshuisgronde sonder die toestemming van die diensdoenende personeellid verlaat nie.
- Op Woensdag- en Vrydagmiddag mag inwoners die dorp besoek, maar hulle moet betyds terug wees vir aandete.
- Die dorp mag nie op enige ander dae sonder toestemming van die koshuismoeder of die diensdoenende personeellid besoek word nie.
- Geen besoekers mag die koshuis binnegaan nie. ’n Dogter mag wel deur haar ma vergesel word.
- Geen koshuisganger mag Sondae die terrein verlaat nadat sy afgelaai is nie.

10. ALGEMEEN

- Inwoners moet daarop let dat die koshuis soms deur toergroepe of tydens toernooie deur ander leerders gebruik word. Dit mag daartoe lei dat inwoners versoek mag word om hul kamer te ontruim. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir verlore of beskadigde goedere indien sulke kamers dan nie ontruim word nie.
- Geen inwoner mag van kamer verskuif sonder toestemming van die koshuismoeder nie.
- Bly weg uit leerders se slaapkamers indien hulle nie daar is nie.
- Geen besittings van enige leerder mag sonder verlof gebruik of verwyder word nie. Betoon die nodige respek vir ander se eiendom.
- Ouers moet ten alle tye verlof verleen aan kosgangers voordat hulle saam met ander mense per voertuig reis of agter op ’n motorfiets ry.
- Skakel radio’s en ligte af wanneer jy jou kamer verlaat. Onthou: elektriese krag wat vermors word, kos geld.
- Geen gekleurde hare, onnatuurlike haarstyle, enige vorm van ‘body piercing’, arm- en/of nekkettings of donkerbrille word toegelaat nie – dit sal summier gekonfiskeer word.
- Geen los elektriese drade mag op die kamervloer rondlê nie.
- Geen troeteldiere mag in die koshuis aangehou word nie.
- Daar word van die leerders verwag om hul koshuisouers in hul woonstel te kom groet wanneer hulle met vakansie vertrek en ook weer by hul terugkeer.
- Geen plakkate word op die mure geplak nie, hoogstens aan die binnekant van kaste.
- Matriekleerders wat gedurende die eindeksamen in die koshuis inwoon, moet nog steeds die normale koshuisreëls gehoorsaam. Indien so ’n leerder haar aan enige vorm van wangedrag skuldig maak, sal uitsetting van die leerder uit koshuis summier plaasvind.

- Leerders in skooldrag moet ten alle tye netjies wees, met netjies gekamde hare en skoon gepoetste skoene.
- Dit word van elke kosganger verwag om op akademiese gebied haar kant te bring.
- Sluit alle waardevolle besittings voor skool toe.
- Die dra/saamneem van selfone in die klaskamer, studie-en eetsaal is verbode. Dit geld ook vir seniors wat in hul kamers studeer. Skuldiges se fone word summier gekonfiskeer. Hierdie reël is ook van toepassing na ligte uit en tydens stiltetye. Selfone mag nie na 22:00 gebruik word nie.
- Na middagete moet kosgangers reguit kamers toe gaan vir stilte. Kosgangers moet sorg dat hul reeds verklee is met die aanvang van stilte sodat sy rustig en stil op haar bed kan verkeer. Geen musiek en rondlopery in koshuisgange word toegelaat nie. Niemand word op die skoolgronde toegelaat tensy sy 'n verpligte aktiwiteit het nie.
- Dit is elkeen se plig om haar ouers op hoogte van die koshuisreëls te hou. Geen leerling, wat nie 'n kosganger is nie, word in die kamers toegelaat nie.
- Die drag van kosgangers sal ten alle tye deur die toesighouer en prefekte gemonitor word.
- Indien 'n leerder se uitrusting onvanpas is, word die reg voorbehou om haar terug te stuur.
- Indien 'n kosganger die naweek in die koshuis inbly, moet haar ouers die toesighouer skriftelik in kennis stel. Dit kan per e-pos of *WhatsApp* na die toesighouer aan diens gestuur word. Leerders mag gedurende die week slegs uitslaap indien dit saam met haar ouers is.
- Sondae sluit die hekke stiptelik om 19:00.
- Geen skootrekenaar mag na aandstudie gebruik word nie. Skootrekenaars moet afgeskakel word en mag slegs vir herlaai ingeprop word.
- Laatlig in studiekamers word met die toesighouer aan diens gereël. Let wel dat laatlig nie later as 22:30 vergun mag word nie.
- Prefekte/toesighouer sien toe dat ligte af is met ligte uit. Soggens wanneer almal skool toe gaan, moet die prefekte toesien dat die kamerligte af is.
- Hou by die voorgeskrewe swemtye en versorg swemklere na die tyd. Geen klere/swemklere mag nog sigbaar hang met oggendinspeksie nie. Swemklere en handdoeke mag nie oor kasdeure of in badkamers gehang word nie. Alle nat klere word op die wasgoeddraad gehang.
- Rook, steel, vandalisme, vuil taal, ontgroening, alkohol en dwelms is verbode praktyke in die koshuis. So ook die snuif/inasem van petrol, *thinners*, onderarmspuitgoed en enige ander soortgelyke middels. VERMY DIT! Dit word baie swaar gestraf.
- Ongeag die tyd wanneer die koshuissirene in die week en oor naweke lui, moet koshuisgangers dadelik na hul kamer beweeg om seker te maak dat almal teenwoordig is. Afwesighede sal opgevolg word.
- Sondae word 'n kerkdiens bygewoon. Dit is verpligtend vir alle inwonende leerlinge. Toesighouers sal toesien dat leerlinge by die kerk afgelaai word. Sondagmiddae is dit rustyd tot 15:30. Niemand mag rondloop nie. Let wel dat die hekke gesluit word.

- Geen juniorleerlinge mag in die seniorkant van die koshuis kom nie en andersom. Nie meer as een persoon word op ’n bed toegelaat nie.
- Binne die koshuisgebou mag daar nooit gehardloop word nie. Dit geld ook vir handoekslanery, stoeiery, watergooiery en ander rowwe speletjies. Beddens word nooit omgedop nie en geen beddens mag teen mekaar geskuif word nie.
- Koshuisgangers word geldelik aanspreeklik gehou vir die kamer wat aan hulle toegesê is. Leerlinge betaal die onkoste verbonde aan die breek van ruite, bedplanke, klerehakke en ander skooleiendom.
- Geen spykers of drukspykers mag in die mure, deure of meubels geslaan word nie. Geen prente mag teen mure of meublement geplak word nie.
- Elke leerling wat iets breek, sien dat ’n ander iets breek, merk dat iets gebreek is of weet van diefstal, moet dit onmiddellik by die toesighouer aan diens aanmeld.
- Leerlinge wat klere en toerusting in die koshuis gedurende vakansies los, doen dit op eie risiko. Die skool kan nie verantwoordelikheid daarvoor aanvaar nie. Merk veral skoolklere en sweetpakke!
- Alle kaste moet ontruim wees gedurende vakansies en termynbreuke en kaste mag ook nie gesluit wees nie.
- Een musieksentrum per kamer word toegelaat. Mag nie groter as 30cm x 15cm wees nie.
- Naweke sluit die koshuis se deure vanaf middagete tot 15:00.
- Alle kragpunte in kamers moet gedurende skooltyd afgeskakel wees.
- Klere wat deur die koshuis gewas word, moet duidelik gemerk wees.
- Geen waaiers word toegelaat nie.

EIENDOM

1. KOSHUISEIENDOM

- Koshuiseiendom moet versorg word asof dit aan jou behoort en mag onder geen omstandighede verwyder word van waar dit hoort nie.
- Elke inwoner word verantwoordelik gehou vir haar bed, matras en kas.
- Enige skade aan meubels of die gebou moet dadelik aan die koshuismoeder gerapporteer word en daar sal van die verantwoordelike inwoner verwag word om dit te herstel of vervang.
- Die koshuisgronde en -geboue moet ten alle tye in 'n netjiese toestand gehou word.

2. PERSOONLIKE EIENDOM

- Koshuispersoneel aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige koshuisinwoner se eiendom wat beskadig of verlore raak nie. Sluit waardevolle items toe in ’n kas. Dit word aanbeveel dat sleutels op die persoon gehou word.

- Alle kaste moet gesluit gehou word.
- Hou kontant op jou persoon of gee dit vir die koshuismoeder om weg te sluit.

TYDSROOSTER

	AS SKOOL 7:00 BEGIN	AS SKOOL 7:30 BEGIN	AS SKOOL 8:00 BEGIN
OPSTAAN	5:30	6:00	6:30
INSPEKSIE	5:50	6:20	6:50
STILTE	6:00	6:30	7:00
ONTBYT	6:10	6:40	7:10
MIDDAGETE	13:00	13:00	13:00
AANDETE	17:45	17:45	17:45
INSPEKSIE	21:20	21:20	21:20
STILTE	21:30	21:30	21:30
LIGTE UIT	21:45	21:45	21:45

BENODIGHEDE

Beddegoed vir 'n enkelbed (760 mm)	• 2 paslakens • 1 duvet • 1 duvet-oortreksel • 1 kussing • 2 kussingslope • kombers vir die winter
Handdoeke	
Klerehangers	• vir skoolklere, baadjie en sweetpak
Toiletware	• Toiletsakkie met hakie sodat dit kan hang (vir ventilasie)
Medisyne	• Slegs indien 'n leerder spesifieke medikasie gebruik, en verder net die nodigste, bv. pleisters, Deep Heat, Panado's, ens. Daar is medisyne by die matrone beskikbaar.
Selfoon	• Laaier • Tweepunt-kragprop
Skoonmaak van skoene	• Skoenborsel • Swart skoenpolitoer
Koffiebeker	• Koffie of tee, suiker en poeiermelk
Bybel	